**VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA**
**Somerset-Wes**

Leraar: Ds. A. Cloete-Damons
Telefoon: (021) 939-2461
Selfoon: 084 585 2019

Kerkstraat 50, Somserset-Wes, 7130
Posbus 372, Somerset-Wes, 7130

30 Junie 2021

**PASTORALE BRIEF**

Liewe Broers en Susters

Nie te lank terug het ons oor Vlak 3 inperking aan u gekommunikeer. **Met Vlak 4 wat kerke beperk tot die hou van begrafnisse**, besluit Kerkraad op die volgende:

1) **Dat die kerk vir Eredienste, gewone ontmoetings van Verenigings en Groepe gesluit sal wees vir 'n periode van een (1) maand vanaf 1-30 Julie.**
2) **Dat alle vergaderings en kategese klasse virtueel sal geskied.**
3) **Dat die Kerkkantoor operasioneel bly.**

As gevolg van bogenoemde en die impak wat dit op huishoudings, werke, gemeenskap en kerk finansieël mag hê, doen ons 'n beroep op u om u omstandighede aan u Wykskerkraad te verduidelik dat die nodige ondersteuning gebied kan word waar daar nood verkeer.

Ons moedig al ons lidmate aan om getrou en gehoorsaam te bly aan God en Hom die middelpunt te bly hou van ons elke dag bestaan. Al hierdie uitdagings mag ons nou oorweldig, maar dit is inderdaad tydelik van aard, prys die Here!!! So ook moedig ons u steeds aan om getrou te gee aan die kerk en dat u Dankoffer deur middel van EFT, fisies by die kantoor afgelewer word of met u Diaken gereël word om dit te kom afhaal.

Wees bemoedig deur:

*1 Pet 5:10 "En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nada tons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!"*

Wees getrou, gehoorsaam en veilig.

Die Here seen u.

**Ds. Anne-Marie Cloete-Damons**

**Skriba:**
**Marilee du Toit**
**Selfoon: 065 526 4139**

**Kassier/e:**
**Desmine Bergstedt**
**Selfoon: 063 130 8111**